

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal-Wes
13 Oktober 1974

Onderwerp: Die voorsienigheid van God

Lees: Hebreërs 1 vers 3
Matthéüs 6 verse 24 tot 34

Teks: Hebreërs 1 vers 3

Sing: Psalm 33 vers 1
Psalm 147 verse 2 en 3
Gesang 20 verse 1, 4 en 6

“Broers en Susters, dit lyk asof daar baie dinge is in die tyd waarin ons lewe, wat die voorsienigheid van God in twyfel trek. Wanneer storms losbreek op die wêreldsee en die lewenskuitjie bedreig, dan betwyfel ons so dikwels die albestuur van God oor ons lewens. In tye van allesomvattende krisis, chaotiese verwarring en wanhoop draai die mens so dikwels sy rug op God.

“As ons dink aan die tye wat ons tans belewe, dan is die vraag: Kan die kerk nog met onwankelbare geloof en vertrou die voorsienigheid van God aan die wêreld verkondig? Kan die kerk nog in ’n tyd soos hierdie sê dat God alles regeer; en God se heilige teenwoordigheid verkondig in hierdie wêreld wat op die oog af so goddeloos en God-onterend is soos Sodom en Gomorra?

“Broers en Susters, die antwoord is: Ja! Die belydenis van God se voorsienigheid is die fondament waarop die kerk sy boodskap grond en staande bly. Dit is die fondament in elke gelowige se hart. Sodanig dat die gelowiges - die Kerk van Jesus Christus - in die aangesig van ’n skrikwekkend goddelose wêreld nog kan bely: ‘Ek glo in God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde.’ [Apostoliese Geloofsbelydenis] Wat in sy voorsienigheid alle dinge onderhou en regeer tot in ewigheid.

“Wat beteken die begrip voorsienigheid van God?

“Die Heidelbergse Kategismus stel dit so: ‘Die almagtige en alomteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede

en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom.’ (HK Sondag 10 vraag 27)

“Die hand van God’ beskryf vir ons die innige verhouding tussen God en sy skepsele. Dit is geen vae en onbeduidende mag wat ons lewe bepaal nie, maar ’n hand, ’n lewende hand, ’n Vaderhand. En hierdie beeld wil nog méér vir ons sê en die gedagte beklemtoon waaraan die mens so min dink: Dat God sy hand oor alles in ons lewe het. Hy is die groot Spelleier, maar ook die groot Spelbreker op die wêreldfees. Belsasar, wat God uitgesluit het uit sy feesprogram, het te laat tot die ontdekking van hierdie waarheid gekom. Die hand het op die wit kalkmuur van die feessaal, maar ook teen Belsasar se lewensmuur, geskryf: ‘...u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind’. (Dan 5:27)

“By die derde plaag oor Egipte moes die towenaars erken: ‘Dit is die vinger van God!’ (Ex 8:19)

“Maar Broers en Susters, dit is ook die Hand wat ons hand neem tot vertroosting en bemoediging in oomblikke van smart en beproewing. In Jesus Christus dra God alle dinge, ook u en my brose lewens.

“U sal weet dat hierdie gedagte werklik rus bring, want daarmee bely ons dat ons nie aan die grimmigheid van toeval oorgegee is nie, maar dat God ons lewenspad bepaal. En as ek tot hierdie geloofsoortuiging kom, dan dra ek my kruis met oorgawe, wetende dat dié kruis kom van die Vaderhand wat alles bestuur en ook in alles voorsien.

“Wat is die omvang van hierdie voorsienigheid?

“Hierdie voorsienigheid sluit alles in. Niks kan dit verander nie: geen engel in die hemel, geen fladderende mossie, geen haar van die hoof, geen enkele sug van die hart nie. Sy besturende hand word letterlik in alles bespeur. Hierdie hand werk nie slegs in die skokkende wêreldgebeure van ons dag, die opkoms en val van koninkryke, in aardbewings en oordele van stormwind en vuur nie, maar ook in die sagte gesuis van die stilte, in die alledaagse gang van die lewe.

“Ons geboorte- en sterfte-uur is in God se hand. Maar ook die hare van ons hoof is deur Hom getel. Elke handeling van die mens is binne God se voorsienigheid. Die mens wik, maar God beskik.

“Toe Keiser Augustus ’n bevel uitgevaardig het dat almal ingeskryf moes word, was dit uit sy vrye wil. Daarenteen was dit God se plan dat Josef, wat uit die huis van Dawid was, en Maria in Bethlehem ingeskryf moes word. Sodoende is die profesie vervul dat Jesus Christus in Bethlehem gebore is.

“Toe Josef se broers hom aan ’n karavaan oppad na Egipte verkoop het, wat dit uit hul eie vrye wil. Maar daarmee is God wat in die hemel is, se raad en wil met Josef en sy volk vervul.

“God gebruik selfs die mens wat skynbaar uit eie vrye wil handel, as instrument in God se groot plan.

“Die vraag is nou, hoe staan ons in die praktiese lewe teenoor die allesomvattende voorsienigheid van God? Hoe dink en praat ons daaroor?

“Ons grootste bedreiging hierin is voorspoed. Het ons nie al só vervlak en verwêrelds in ons lewensbeskouing en veral in ons handel en wandel, dat ons nie meer God se hand in alles kan sien nie. God is nie meer vir ons ’n werklikheid nie. Ja, ons praat nog daaroor as donker wolke van oordeel oor die wêreld hang, as die dood ons huis betree, of as ons die vreugde van die huweliksfees smaak. Maar buiten dit sien ons nie meer God se hand in die skynbare nietige dinge van die lewe nie.

“Wie dink nou aan God as hy met sy motor reis? En watter reg het Paulus om ons eet en drink in die voorsienigheid van God te betrek?

“O, Broers en Susters, dit is só uiters gevaarlik as ons in ons alledaagse lewe só weg van God af lewe. Weldra sien ons dan ook nie meer God se hand in die groot dinge soos storms, pestilensies, oorloë, hongersnode, aardbewings, revolusies en droogtes nie.

“Ek is oortuig dat as God, soos onder die Ou verbond, deur ’n profeet tot ons Westerse beskawing sou spreek, Hy sou gesê het: Ek het dit teen julle dat julle my hand nie meer erken in julle lewe nie. Julle sien My nie meer raak as die Koning van alle konings nie. Julle het My, die lewende God, uitgeskakel uit julle alledaagse lewensprogramme.

“Broers en Suster, nee! Alles is in die hand van God. Dit wat oor ons lewe kom, kom nie per toeval nie. Die siekte en teëspoed is uit God se hand. Die armoede en terugslae is uit sy Vaderhand. Trane en rou kom van Hom wat op die troon sit. En deur sy handdruk in hierdie omstandighede wil Hy vir ons sê: Ek vergeet jou nie. Neem hierdie dinge uit my hand as teken van my liefde en bemoeienis.

“Broers en Susters, dit verstaan die natuurlike mens nie. Dit kan ons alleen aanvaar en ondervind deur die geloof. Net die ware gelowiges kan die voorsienigheid van God begryp, en weet dat daar ’n God in die Hemel is wat ‘alle dinge dra deur die woord van sy krag.’ (Hebr 1:3)

“Wat is die vrug van God se voorsienigheid in ons lewe?

“Die Heidelbergse Kategismus is by uitstek ’n boek van troos. En ook in hierdie leerstuk troos God ons. Alles is in die hand van God. Hy wat op die troon sit, beheer die verloop van die wêreld, die kerk en die geskiedenis.

“Broers en Susters, leef u elke dag in hierdie troosvolle gedagte? Put u, u troos en krag daaruit? Is dit ’n werklikheid in u lewe? Of is dit alleen maar woorde teen die muur in u slaapkamer: ‘Ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk’. (Rom 8:28); of ‘As God vir ons is, wie kan teen ons wees?’ (Rom 8:31) Pragtige woorde, maar begryp u werklik die betekenis daarvan? Gaan die diepere betekenis daarvan by u verby?

“Kom ons kyk hoe die voorsienigheid van God ons lewe beïnvloed. Die Heidelbergse Kategismus sê: ‘Dat ons in alle teëspoed geduldig, in voorspoed dankbaar moet wees, en in alles wat nog oor ons kan kom, ’n vaste vertrouwe moet stel op ons getroue God en Vader, dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsele so in sy hand is dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie.’ (HK Sondag 10 vraag 28)

“Geduld in teëspoed: Wat ’n allesomvattende woord is dit nie. Die mens wat die weg van God se voorsienigheid nie ken nie, is ’n mens wat nie die seën van lydsaamheid in sy lewe ken nie. Dit is ’n mens wat nie die beeld van die skaap wat stom is voor sy skeerder begryp nie; en ook nie Job se gelowige aanvaarding van sy verliese verstaan nie; maar wat God se oor gedurig vul met ongeduldige klagtes.

“Daarenteen as ons bely dat daar ’n God op die troon sit wat alles voorsien, dan word ons soos Paulus, wat die kosbaarste van ons lewe sal offer op die altare van God. Van elke verlies maak ons dan ’n offer. By elke smart bou ons dan ’n altaar. Dan gee ons aan God wat Hy wil neem.

“Hierdie egte Christelike geduld bring heil mee. Ons sleep dan nie meer ons kruis agter ons aan nie, maar ons dra dit vrolik en bly, omdat God dit nie anders wil in ons lewe nie.

“Broers en Susters, wat het u in u oomblik van smarte geleer? Is dit om gehoorsaam, geduldig, lydsaam en volhardend te wees? Weet dan dat God se Naam daarin verheerlik word. Dan sal Hy u eenmaal toon dat die lyding van die teenwoordige tyd nie

opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.

“Dankbaarheid in voorspoed:

“Sommige sê dit is maklik om daarbaar te wees as jy voorspoedig is. Maar gaan dit nie soms met ons dankbaarheid soos met die onvrugbare vyeboom nie? Benat en versorg, maar die tuinier soek teleurgesteld jaar na jaar vrug in ons lewe? Of gaan dit soos met die tien melaatses waarvan n t een dankbaar voor God kom staan het?

“Broers en Susters, dankbaarheid is offerhande, offerhande van ons lewe en ons besittings. Welgeluksalig is die mens wat in sy voorspoed met gevulde hande na God toe snel en in sy verleentheid uitroep: ‘Wat kan ek die HEER vir al sy guns vergeld? Wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade?’ (Psalm beryming 116:7)

“Vaste vertrou op God:

“Die toekoms is vir ons bedek. Maar Broers en Susters, wie in die voorsienigheid van God glo, gaan die donker toekoms tegemoet en s : Wat ook al gebeur, niks sal my skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie.

“Te midde van die gejaagde lewe, te midde van die onrus wat daar in die w reld heers, kan die gelowige rustig en kalm wees. Want as ons kyk na die vo ls van die hemel, weet ons, ons Hemelse Vader voed hulle. As ons kyk na die blomme van die veld met al hul skoonheid, dan weet ons God bekleed hulle met heerlijkheid. En dan luister ons na die woorde van ons eie Borg en Saligmaker: ‘... hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?’ (Matt 6:30)

“Dankie Here dat dit U is wat voorsien.

“Amen.”